Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2016

# GESKIEDENIS V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel.**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30% (15)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓ ✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

  __________ . ________________________ . __________________
  ________________ . ___________________________ . __________
  √√√√

Vlak 2
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 **Globale assessering van ’n opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ’n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs ‘feite’ neer te skryf om ’n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om ‘model-antwoorde’ voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ’n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2. **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4 2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ’n relevante inleiding (aangedui met ’n kolpunt (‘bullet’) in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ’n relevante slotopmerking (aangedui met ’n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling _________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

2. **Die matriks**

2.5 2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ’n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ’n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIEN-MATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5<br>Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4<br>Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3<br>Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2<br>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1<br>Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3**<br>Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1**<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van ’n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: WATTER FAKTORE HET TOT DIE GROEI VAN SWART-NASIONALISME IN SUID-AFRIKA BYGEDRA?

1.1 1.1.1 *[Omskrywing van historiese begrippe vanuit Bron 1A – V1]*

- Afrika vir die Afrikane (Swartes)
- Eenheid onder Swartes in Afrika.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1A – V2]*

- Afrosentriese – historiese stryd teen eksterne aggressie, uitbuiting, besetting en oorheersing.

**OF**

- Eurosentriese – idee wat voortspruit in reaksie op Europese slawerny en kolonialisme. (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1A – V2]*

- Die meeste lande het onafhanklikheid in die 20ste eeu verkry.
- Die stryd vir onafhanklikheid het na die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind
- Swartes het bewus geword deur Afrika-nasionalisme in die 20ste eeu.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1A– V1]*

- Idee wat in reaksie op Europese slawerny en kolonialisme voortspruit. (1 x 2) (2)

1.2 1.2.1. *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1B – V1]*

- Swart mans (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1B – V2]*

- Het landelike gebiede verlaat op soek na werk.
- Baie blankes vir die weermag opgekommandeer.
- Die Tweede Wêreldoorlog het baie werksgeleenthede vir swartes geskep.
- Weggestap van armoede in die landelike gebiede.
- Wou beter vaardighede/onderwys kry.
- Hul families in die landelike gebiede sal baat vind.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.2.3
- *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1B – V1]*
- 299 334 – 196 178 = 103 156 (1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1B –V2]*

- Swartes was besig om die werk van blankes oor te neem
- Beset die krotbuurte in stedelike gebiede.
- Blankes was bedreig deur die aankoms van Swartes.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1C – V1]*

- Ja. (1 x 1) (1)

- Groot getalle wat besig is om te boikot
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 1) (1)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1C – V2]*

- Verhoging in busgeld na die stad
- Die bus was die enigste vervoermiddel na die werksplek.
- Dit het hulle te veel gekos om met die bus werk toe te gaan.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1C – V2]*

- Baie ander dorpe het ook met ʼn busboikot begin.
- Verhoging van busgeld was as ʼn instrument van onderdrukking gesien.
- Dit skep ʼn gevoel van die behoefte om hulself van die politieke en ekonomiese onderdrukking te bevry.
- Die ANC het ook die busboikot ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1C – V2]*

- Wit besigheid werkgewers het geld verloor.
- Regering het busgeld vir Swartes gesubsidieer
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.3.5. *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1C – V2]*

- Swartes het werk toe geloop
- Saamry-klubs gevorm
- Neem / soek rygeleenhede na werksplek
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.3.6 *[[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1C – V1]*

- Geen teenwoordigheid van die polisie.
- Geen bewys van gevegte/ontevredenheid.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.4 *[Ondersteunening van bewyse vanuit Bronne 1A en 1B – V3]*

1A – Swartes deur Europeërs uitgebuit
1C – Swartes uitgebuit deur Europeërs deur verhoging van busgeld
1A – Swartes verenig om uitbuiting uit te roei
1C – Swartes verenig om ekonomiese uitbuiting te verwerp (2 x 2) (4)

1.5 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit bronne – V3]*

- Eenheid onder Swartes en die uitskakeling van kolonialisme en oppergesag van blankes (Bron 1A)
- Baie blankes opgekommandeer na die weermag.
- Tweede Wêreldoorlog het werksgeleenthede vir swartes geskep.
- Beweging van mense vanaf landelike na stedelike gebiede. (Bron 1B
- Mans verhuis vanaf landelike na stedelike gebiede om geld te verdien (Bron 1B)
- Vroue, kinders en ouer mense tuis gebly om te kyk na die families (Bron 1B)
- Beide mans en vrouens het in die nywerhede gaan werk (Bron 1C)
- Toename in getalle van beide mans en vroue wat na nywerhede verhuis (Bron 1C)
- Busprotes versprei in Alexandrië (Bron 1D)
- Busboikotte toon swart solidariteit (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, bv **wys min of geen begrip van die faktore wat bygedra het tot die groei van Swart-nasionalisme in Suid-Afrika**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor onderwerp skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou tot ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv **toon begrip van die faktore wat tot die groei van Swart-nasionalisme in Suid-Afrika bygedra het**.<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese wyse. | **Punte: 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv **demonstreer ŉ deeglike begrip van die faktore wat bygedra het tot die groei van Swart-nasionalisme in Suid-Afrika.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp. Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 5–6** |

(6)
**[50]**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE PERSPEKTIEWE VAN MIDDE-OOSTE LEIERS OP DIE VLUGTELING-PROBLEEM IN DIE MIDDE-OOSTE?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2A – V1]*

- Israel (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2A – V2]*

- Oorlog tussen Jode en Arabiere
- Palestyne was van hul land verdryf deur die Jode.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2A – V2]*

- Israel beset steeds die grond wat aan die Arabiere behoort het.
- Die Israeli’s het dwang gebruik om die land te beset
- Die proses van die teruggawe van die Arabiese grond is ŉ lang proses
- Beide die Israeliete en Palestynse sou veg vir wat aan hulle behoort.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2B – V1]*

- Israeliese Eerste Minister (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2B – V1]*

- Wil hê dat Jode en Palestyne saam moet leef.
- Vergeet die verlede en soek geen wraak.
- Ons koester geen haat. (Enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2B – V2]*

- Beide erken Palestina was hul vaderland.
- Vreedsame naasbestaan was die enigste vreedsame oplossing Oorlog sou lei tot wedersydse vernietiging en dus nie ŉ lewensvatbare opsie nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2B – V2]*

- Wou nie meer oorlog hê nie.
- Jode en Palestyne sal nie weer veg nie.
- Enige ander antwoord. (1 x 2) (2)

2.2.5 *[Ondersoek Bronne 2A en 2B om vergelykings te bepaal – V3]*

**Bron 2A**

- Jode en Palestyne kan nie in vrede leef solank die Jode die Arabiese land beset
- Moet die Palestynse volk erken.
- Moet hul eie vaderland vestig.
- Palestyne moet na hul vaderland terugkeer.
- Enige ander relevante antwoord.

**Bron 2B**

- Jode en Palestyne kan in vrede leef
- Nie meer oorlog
- Geen haat en wraak
- Leef soos normale mense.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Defintion of geskiedkundige konsepte vanuit Bron 2C – V1]*

- 'n Persoon wat gedwing word om hul land te verlaat ten einde oorlog, vervolging of natuurlike wanorder te vermy.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2C – V1]*

- Israel
- Palestiena (2 x 1) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2C – V2]*

- Arabiese aanval is in Israel opgelos.
- Voorheen het die Jode die vlugtelinge-probleme van die Palestyne opgelos.
- Aanval van vyf Arabiese weermagte veroorsaak baie probleme
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Onttrekking van inligting vanuit Bron 2D – V1]*

- Kleredrag
- Hulle is te voet.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)

2.4.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2D – V1]*

- As gevolg van die oorlog (1 x 1) (1)

2.4.3. *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V1]*

- Moet nie hul grond vir die Jode gee nie
- Moet nie willekeurig verskuif nie
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.4.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V2]*

- Wou nie hê dat guerrillas agter die lyne moet bedrywig wees nie.
- Wou nie skerpskutters hê nie
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.4.5 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V2]*

- Sommige het vrywilig gegaan om oorlog te vermy
- Sommige verlaat vrywillig omdat hulle gedink het dit sou ŉ tydelike maatreël wees.
- Israel het geweier om die vlugtelinge na hul regmatige grond terug te laat gaan
- Israel sien hulle as vyandig.
- Jode het hulle aangeval en hulle met geweld uitgesit.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.4.6 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V2]*

- Miljoene Palestyne woon in ballingskap.
- Miljoene Arabiere is van hul land ontneem.
- Miljoene Arabiere leef in armoede/swaarkry. (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit bronne – V3]*

Kandidate moet ŉ paar van die volgende insluit:

**JA**

- Sadat ten gunste van vrede slegs indien Arabiere hul grondgebied terug gegee word (Bron 2A)
- Die Palestynse vlugtelinge-probleem moet in Palestiena opgelos word (Bron 2B)
- Ons het geen haat; gaan geen wraak op Arabiere neem nie (Bron 2B)
- Ons is bestem om op dieselfde grond saam te leef (Bron 2B)
- Absorbeer die agter-agter-kleinkinders van hierdie deel van die vlugtelinge-probleem wat ons self geskep het (Bron 2C)
- Volgens Sachar, moet hulle in Palestiena aanbly (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord.

**NEE**

- Sadat is van mening dat dit ŉ wêreldwye probleem is (2A)
- Hy het negatief gepraat oor Arabiese aanrandings en aanvalle (Bron 2B)
- Die kleine Israel het al die Joodse vlugtelinge geabsorbeer en die oorgrote Arabiese wêreld het geweier om die Palestynse vlugtelinge te absorbeer (Bron 2C)
- Morris het gepraat van skerpskutters en guerrillas in Israel (Bron 2D)
- Israel wou hê dat die Arabiere hul eie probleem in Palestiena moes oplos
- Enige ander relevante antwoord.

Kopiereg voorbehou 

Gebruik die volgende rubriek om hierdie paragraaf te evalueer.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, bv **toon min of geen begrip van die vraag of die Palestynse vlugtelinge ’n reg het om terug te keer na hul vaderland**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor onderwerp skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou tot ’n groot mate verband met die onderwerp, bv **toon begrip van die vraag of die Palestynse vlugtelinge ’n reg het om terug te keer na hul vaderland**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese wyse. | **Punte: 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv **demonstreer ’n deeglike begrip van die vraag of die Palestynse vlugtelinge ’n reg het om terug te keer na hul vaderland**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 5–6** |

(6)
**[50]**

## VRAAG 3: WAT WAS DIE OORSAKE EN IMPAK VAN DIE BANTOE ONDERWYSWET VAN 1953 OP SWART STUDENTE?

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van inligting vanuit Bron 3A – V1]*

- Swart skoolopleiding was nog verpligtend of verniet nie.

(1 x 1) (1)

3.1.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3A – V2]*

- Het al die Swart skole onder die beheer van die Departement van Naturellesake gebring.
- Het sendeling/sending instellings uitgefaseer.
- Het ʼn eenvormige kurrikulum opgelê. (2 x 2) (4)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3A – V2]*

- ʼn Kurrikulum wat slegs vir swart studente geskik was.
- Swart leerders opgevoed om slegs handearbeid te kan doen.
- Swart leerders sal self van mekaar leer.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3A – V2]*

- Hou Swartes onopgevoed.
- Wou Swartes ekonomies kreupel/verlam hou.
- Blankes het Swartes as ʼn bron van goedkoop ongeskoolde arbeid beskou.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3B – V1]*

- Blankes (1 x 1) (1)

3.2.2 *[Onttrekking van inligting vanuit Bron 3B – V1]*

- R591 – R42 = R549 (1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3B – V2]*

- Dit was in ooreenstemming met die beleid van afsonderlike ontwikkeling van die regering.
- Apartheidsregering nog steeds aan bewind.
- Blanke kinders moes altyd beter onderwys as die ander rasse ontvang.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Interpretasie van inligting vanuit Bron 3A – V2]*

- Verdeel-en-heers taktiek
- Wou verseker dat Swartes, Indiërs en Kleurlinge nie teen hulle saamstaan nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3C – V1]*

- Kerk (1 x 2) (2)

3.3.2 *[Onttrekking van inligting vanuit Bron 3C – V1]*

- Apartheidsregering het die behoefte aan 'n opgeleide Afrikaanse arbeidsmag gesien. (1 x 2) (2)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3C – V1]*

- Leerlinggetalle/-verhoudinge
- Oorvol klasse
- Gebrek aan onderwysers
- Onder-gekwalifiseerde onderwysers
- Enige ander relevante antwoord (Enige 4 x 1) (4)

3.4 *[Ondersoek Bronne 3B en 3C om vergelykings te bepaal –V3]*

- 3B – Syfers in terme van rand toon dat die minste bedrag geld aan Swartes bestee was en dit het gelei tot swak geriewe soos in Bron 3C gesien.
  3B – Syfers in terme van rand toon dat die minste bedrag geld aan Swartes bestee was en dit het gelei tot die vele probleme wat Swartes ondervind het byvoorbeeld te veel leerlinge in die klaskamer om hul onderwys te verbeter soos in Bron 3C.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3D – V1]*

- Protests
- Boikotte
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3D – V2]*

- Swart kinders moet na skole gaan wat deur die Bantoe Onderwyswet (apartheidsonderwys) voorsien was eerder as om geen onderwys te ontvang nie.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3D – V2]*

- Verwerp Bantoe-onderwys
- 7 000 kinders is uit skole as gevolg van proteste geskors.
- Die ANC 'n beroep gedoen om skole te boikot.
- Bereid om op te offer om 'n beter opvoeding te ontvang.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.5.4 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3D – V2]*

- ANC het oproep vir boikotte gemaak. (1 x 2) (2)

3.6 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit bronne – V3]*

Kandidate moet ʼn paar van die volgende insluit:

- Bantoe Onderwyswet het weggdoen met Swart onderwys wat deur sendingskole aangebied was (Bron 3A)
- Onderwys deur die sentrale regering beheer (Bron 3D)
- Minister van Naturellesake sal verantwoordelik vir die finansiering wees (Bron 3D)
- Syllabus moet vir die swart kind geskik wees (Bron 3A)
- Swart tale word in Swart skole geoffer (Bron 3D)
- Swart onderwysers nie toepaslik gekwalifiseerd nie (Bron 3C)
- Getalverhoudings in Swart skole baie hoog (Bron 3C)
- Oorbevolking (Bron 3C)
- Gebrek aan onderwysers in swart skole (Bron 3C)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om ʼn punt toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, bv **toon min of geen begrip van die impak van Bantoe-onderwys op swart kinders in Suid-Afrika**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp of kan nie oor onderwerp skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou tot ʼn groot mate verband met die onderwerp, **bv toon ʼn begrip van die impak van Bantoe-onderwys op swart kinders in Suid-Afrika**<br>• Gebruik bewyse op ʼn baie basiese wyse. | **Punte: 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, e. g. **toon ʼn deeglike begrip van die impak van Bantoe-onderwys op swart kinders in Suid-Afrika**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ʼn georganiseerde paragraaf wat ʼn begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 5–6** |

(6)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKANER-NASIONALISME

4.1 *[Herroeping interpretasie en begrip van historiese kennis]*

SINOPSIS

Kandidate moet fokus op die faktore wat gelei het tot die opkoms van Afrikaner-nasionalisme 1930–1948.

HOOFASPEKTE

Inleiding: Inleiding moet fokus op die redes vir die opkoms van Afrikaner nasionalisme.

UITBREIDING
- Grondwetlike onafhanklikheid vanaf Brittanje – maar nog steeds deel van die Britse Ryk.
- Erkenning van Afrikaans en die vlagstryd – in 1924 het Hertzog, leier van die NP Eerste Minister geword – hy was ŉ vurige vegter vir Afrikaner-nasionalisme.
- Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid – met die Balfour-verklaring by die Rykskonferensie in 1926
- Die rol van die "Volk" – bevorder die uitsluitlike belange van "ware" Afrikaners en "beklemtoon" die gebeure van volksgeskiedenis
- Eeufeesviering – bind en versterk Afrikanernasionalisme – het gelei tot die vorming van die Ossewa Brandwag.
- Tweede Wêreldoorlog – Suid-Afrika aan die kant van Brittanje geveg – baie Afrikaner-nasionaliste het dit nie ondersteun nie en gebruik gewelddadige metodes om Suid-Afrika se deelname te stop.
- 1948 verkiesing – Afrikaner-nasionaliste doen ŉ beroep op Afrikaner-kiesers om te stem vir die NP – Apartheid.
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate behoort hulle argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

**Gebruik die matriks op bladsy 5 om die opstel te assesseer.**

**OF**

4.2 *[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

SINOPSIS

Kandidate moet fokus op die sosiale en kulturele bewegings asook ekonomiese programme om die gees van die Afrikaner-nasionalisme te bou.

HOOFASPEKTE

Inleiding: Kandidate moet die stelling krities evalueer en hul gedagtegang aandui.

UITBREIDING

- Afrikaners ontstaan as ŉ afsonderlike groep na die vermenging en samesmelting van verskeie Europese nasionaliste aan die Kaap.
- Nie alle Afrikaners was uiterste nasionaliste nie. Dit was die ywer van ekstreme nasionaliste om Afrikaners in die hele land te verenig.
- Hierdie intense nasionalisme van die 1940's was die gevolg van 'n spesifieke ywer wat momentum gekry ná die 1938 eeufeesvieringe van die Groot Trek.
- Die rol van Hertzog se Pakt-regering (soewereine onafhanklikheid van Brittanje, rol van Afrikaanse taal, ens)
- Konsolidasie van grondwetlike kwessies soos die vlag, Balfour-verklaring
- Die rol van die Broederbond / FAK in die versekering van die behoud en voorbereiding van Afrikaner taal, kultuur en finansies
- Eeufees viering van die Groot Trek het gelei tot ŉ oplewing in Afrikaner-nasionalisme
- Die vorming en impak van die Ossewabrandwag en Nuwe Orde
- Die Volk, ŉ uitverkore volk het die hoeksteen van Afrikaner-nasionalisme geword
- Nasionale Pers – het Afrikaner nationaliste koerante gepubliseer – *Die Burger*
- Die skepping van Santam en Sanlam
- Volkskas Bank
- Volkskongres gehou om Afrikaner besighede te bevorder en te laat groei
- Die impak en rol van die Tweede Wêreldoorlog − konsolidasie van Afrikaner-nasionalisme.
- Die aanloop tot die 1948-verkiesing en sy nadraai
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate behoort hulle argument saamvat met ŉ relevante slot. **[50]**

**Gebruik die matriks op bladsy 5 van hierdie langvraag te evalueer.**

## VRAAG 5: NASIONALISME IN AFRIKA – GHANA

5.1 *[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

SINOPSIS

Kandidate moet die rol wat Kwame Nkrumah in Ghana se stryd om onafhanklikheid gespeel het, evalueer.

HOOFASPEKTE

Inleiding: Fokus op die Gouekus as ŉ Britse kolonie en die rol van Kwame Nkrumah in die bereiking van onafhanklikheid vir Ghana.

**UITBREIDING**

- Kwame Nkrumah is genooi om die sekretaris van die UGCC in 1945 te word.
- Die UGCC het ŉ dinamiese politieke beweging geword.
- 1948-boikotte en stakings
- Geweld, onrus en opstande in Februarie 1948
- Nkrumah het die UGCC verlaat in 1948 om ŉ meer radikale nasionalistiese party gestig, die Conventions People Party (CPP) wie se doel selfregering nou was.
- Die CPP het massa ondersteuning gelok.
- Die Britse voorstel van die nuwe grondwet is in 1951 verwerp.
- Nkrumah is in hegtenis geneem en na sy vrylating het hy ŉ nuwe regering gestig.
- Voortgesette protes tot onafhanklikheidsdatum vir Maart 1957 vasgestel was.
- Enige ander relevante slot.

Gevolgtrekking: Die Gouekus het onafhanklik geword op 6 Maart 1957 en het bekend geword as Ghana. Nkrumah was die eerste president. Enige ander relevante slot. **[50]**

**Gebruik die matriks op bladsy 5 om die opstel te assesseer.**

**OF**

5.2 *[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

Kandidate moet ŉ begrip van die konsepte en agtergrond tot die Pan-Afrikanisme beweging in die Amerikas wys; die impak wat dit op Nkrumah gehad het en die verwesenliking van onafhanklikheid in 1957.

HOOFASPEKTE

Inleiding: Kan nasionalistiese idees definieer en ŉ bietjie agtergrond gee oor nasionalistiese idees of beweging. Swart nasionaliste het aangedring op politieke en ekonomiese onafhanklikheid van die koloniale magte in Ghana (Du Bois, Garvey en Padmore).

**UITBREIDING**

Rol wat WEB Du Bois, Marcus Garvey en George Padmore gespeel het.

- Swart-nasionalisme is beïnvloed deur die idees wat voortgespruit het uit die diaspora, veral ten opsigte van die gemeenskaplike erfenis, identiteit en kultuur wat hulle gedeel het.
- Ook geglo in ekonomiese selfstandigheid en die gebruik van sosialistiese idees en werker-aksie is bevorder.
- Swart-nasionalisme het ook die die nasionalistiese beweging beïnvloed omdat hulle meer selfgeldend en militant was.
- Na afloop van die Manchester-konferensie, het die nasionalistiese idees meer militant geword om Ghana te bevry.
- In Ghana, was Swart-nasionalisme sterk as gevolg van die vokale en sterk middelklas.
- Die Westerse konsepte van demokrasie en selfbeskikking is sterk in Ghana bevorder.
- Nkrumah, ŉ kragtige en selfversekerde leier beïnvloed mense deur sy skrywes en effektiewe toesprake.
- Hy beywer hom vir selfbeskikking en vir die skepping van ŉ Verenigde State van Afrika
- Optrede deur werkers, vakbonde en intellektuele het alles bygedra tot die groei van Swart-nasionalisme en het tot onafhanklikheid gelei.
- Enige ander relevante antwoord.

Gevolgtrekking: Ghana was die eerste land in Afrika om onafhanklikheid verkry. Enige ander relevante samevatting.

- Enige ander relevante slot. **[50]**

**Gebruik die matriks op bladsy 5 om die opstel te assesseer.**

**VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940 tot 1960**

6.1 *[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

SINOPSIS

Kandidate moet die belangrike gebeurtenisse van weerstand teen die beleid van apartheid in die 1950's verken.

HOOFASPEKTE

Inleiding: Toe apartheidswette aangeneem was het dit onmiddelike teenstand gekry. Protes in die 1950's was van 'n nie-gewelddadige aard en het mense van alle rasse ingesluit en het in die stedelike en landelike gebiede voorgekom. Dit was suksesvol in die verhoging van mense se bewustheid van die onderdrukkende aard van apartheid, maar was nie suksesvol in die beëindiging van die beheer van die regime nie, of enige ander relevant inleiding.

**UITBREIDING**

- ANC se program van aksie
- Meidag Staking
- Versetveldtog
- Kongres Alliansie (Kliptown)
- Vryheidsmanifes
- Vroue opmars na Pretoria
- Hoogverraadverhoor

Gevolgtrekking: Die betogers het nie daarin slaag om apartheid te beëindiging nie. Vandaar het hulle gewelddadige strategieë aanvaar. Deur die protesaksies van die 1950's het die mense egter hul solidariteit teen onreg getoon, en hulself op 'n nasionale grondslag georganiseer, en sodoende het hulle hulself verbind tot 'n nie-rassige demokratiese toekoms wat op die Vryheidsmanifes gebasseer was, of enige ander relevante samevatting. **[50]**

**Gebruik die matriks op bladsy 5 om die opstel te assesseer.**

**OF**

6.2 *[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

SINOPSIS
Leerders moet bespreek hoe die regering die weerstand van die 1960'met geweld onderdruk het.

Inleiding: Die weerstand het ʼn meer aggressiewe en gewelddadige vorm van weerstand aangeneem in die 1960's om die apartheidsregering op sy knieë te bring.

**UITBREIDING**

SINOPSIS

Leerders moet bespreek hoe die regering die versetbeweging met geweld onderdruk het hoedat dit die versetbeweging gedwing het om hul taktiek te verander.

HOOFASPEKTE

UITBREIDING

Die weerstandbewing het 'n meer aggresiewe en geweldadige vorm van weerstand in die 1960's aangeneem om die apartheidsregering op sy kniee te bring.

**UITBREIDING**

- Verdeling in die ANC.
- Die vorming van die PAC.
- Maart 1960 – ANC en PAC organiseer ʼn anti-pas veldtog.
- Beplan om passe te verbrand en om in hegtenis geneem te word
- Protes in baie townships.
- 21 Maart 1960 – 69 betogers in Sharpeville geskiet
- Regering kondig noodtoestand aan.
- ANC en PAC verban.
- Duisende aangehou.
- ANC en PAC lede gaan in ballingskap.
- Die gewapende stryd word aangeneem.
- ANC gevorm MK (Spies van die Nasie)
- PAC vorm POQO.
- Regering stel strenger wette in om opposisie te onderdruk.
- Die polisie-klopjag op MK se hoofkantoor in Rivonia.
- Rivonia saak van MK-leiers (bv. Mandela).
- Gevonnis tot lewenslange tronkstraf.

Gevolgtrekking: Die regering se pogings om die opposisie te onderdruk het suksesvol gelyk, maar die weerstand teen apartheid het nie opgehou of enige ander relevante slot. **[50]**

**Gebruik matriks op bladsy op bladsy 5 om die opstel te assesseer.**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou